

HOE OM TE LEEF AS DIE EINDE NABY IS ?


1Pe 4:7-11 Die einde van alles is naby.

Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid. (8) Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. (9) Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla. (10) As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. (11) As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen.

So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.

HOE OM TE LEEF AS DIE EINDE NABY IS

- 1 MET GEBEDSPARAATHEID
- 2 MEKAAR HARTLIK LIEFHÊ
- 3 GASVRY WEES TEENOOR MEKAAR
- 4 MEKAAR DIEN



SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 Indien jy die boodskap sou kry dat jy min tyd oor het om te leef....wat sal jy in jou lewe anders begin doen?
- 2 Wat dink jy behoort die gemeente (ons saam) anders te doen as ons weet dat die tyd min is?
- 3 Watter dinge met ewigheidswaarde sou jy graag meer of beter wil doen ?
- 4 Hoe help vers 11b ons om die regte motief vir al ons daade te onthou ? Hoe werk dit in in die praktyk ...dink aan 'n kompas of GPS? Noem voorbeelde.
- 5 Waarom sê Petrus oor die liefde..."bo alles" moet ons mekaar liefhê ?
- 6 Gesels oor hoe ons vandag as navolgers van Jesus meer *gasvry* kan wees ?
- 7 Wat in vers 10 en 11a wat oor *diens* en *gawes* handel roer jou hart of sit jou aan die dink?



WAARVOOR WIL JY/JULLE NOU BID ?

Kom ons bid ook vir die diensbaarheid van lidmate